# Afrikaans

WEEK 12

DINSDAG

## Graad 5

(Bron: Via Afrika)

Laerskool Mikro Kopiereg ©

**LEESBEGRIP:** Lees die **titel** van die onderstaande storie en kyk na die **illustrasie**. Voorspel waaroor jy dink die storie gaan.

**'n Ongeluk**

"Mamma, wanneer kom ons by die see?" vra Karabo **opgewonde**. Lance, sy vriend, sit langs hom op die **agterste sitplek**.

"Nog 'n klein rukkie," sê Mamma.

"Ek sien die see!" skreeu Lance.

"Sjoe, maar dit is groot," sê Karabo. Hy rek om te sien, want hy is 'n bietjie kort.

"En baie **gevaarlik** as jy **onverskillig** is," waarsku Mamma. "Die water is nie soos stil soos 'n dam s'n nie. Dit beweeg heeltyd en kan jou tot diep in die see intrek."

'n Uur later is hulle op die strand. "Onthou om naby rotse julle sandale te dra, want die **skulpe** en **rotse** kan julle voete sny," sê Mamma.

Ma is net weer onnodig **bekommerd**, dink Karabo. Kyk hoe sag lyk die sand. Hy en Lance hardloop oor die strand, reguit rotse toe. Mamma wil nog weer waarsku, maar dit is te laat.

"Eina! Eina!" huil Karabo en spring op een voet. Daar is 'n diep sny aan die onderkant van sy ander voet. Hy het op die skerpkant van 'n skulp getrap.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Beantwoord die volgende vrae oor die storie.(Onthou om volsinne te gebruik)

- 1) Waar sit Karabo en Lance?(1)
- 2) Wanneer is die see volgens Karabo se ma gevaarlik?(1)
- 3) Hoe verskil die see van ’n dam?(2)
- 4) Hoekom moet ’n mens naby rotse sandale dra?(1)
- 5) Glo Karabo se ma dat ’n mens naby rotse moet sandale dra?
  Hoekom of hoekom nie?(2)
- 6) Hoekom spring Karabo op een voet?(1)
- 7) Hoekom dink jy het Karabo seergekry?(2)

Totaal 10

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

- 1) Hulle sit op die agterste sitplek van die motor.(1)
- 2) Die see is gevaarlik wanneer ’n mens onverskillig is.(1)
- 3) Die see se water beweeg die hele tyd en ’n dam se water is stil.(2)
- 4) ’n Mens moet sandale dra, want die skulpe en rotse kan ’n mens se voete sny.(1)
- 5) Nee, want Karabo dink sy is onnodig bekommerd.(2)
- 6) Karabo kan nie op die ander voet trap nie, want daar is ’n diep sny in.(1)
- 7) Karabo was ongehoorsaam, want hy het nie sy sandale aangetrek soos sy ma gesê het nie. (2)

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# SPEL: Leer die volgende woorde!

1) opgewonde
2) gevaarlik
3) onverskillig
4) sandale
5) bekommerd

Laerskool Mikro Kopiereg ©

**LEES: Lees die storie 'n Ongeluk deur. Elke keer as jy 'n fout maak moet jy van vooraf begin lees. Kyk hoe ver kan jy kom!**

- Onthou om nie woorde te herhaal nie.
- Hou jou kop stil as jy lees.
- Gebruik stemverandering.
- Rus by die punte.
- Kyk ook op die regte plekke op!

Laerskool Mikro Kopiereg ©